NUUS

Posbus 54249, Ninapark, 0156
E-pos: info@lewensverryking.co.za
Tel. 012 546 8098/8413/8479 Faks 012 546 8690
Webtuiste: www.lewensverryking.co.za

Uitgawe 73 **September 2010**

Die Koninkryk se burgers leef anders

LEWENSVERRYKING SEMINARE

30 jaar van Genade deur die Heilige Gees

1 Kor.3:1-2; 9-16

Op 22 Augustus 2010 het ek die voorreg gehad om ‘n erediens te lei in die NG Gemeente Florauna waar ons die dertigjarige bestaan van Lewensverryking Seminare gevier het. In die Woordverkondiging, het ek bietjie stilgestaan by Paulus se woorde in 1 Kor.3:1-2; 9-26 waar hy praat oor die kwaliteit van gelowiges se bouwerk. Ek wil graag iets hiervan deel met almal wat deel is van die Lewensverryking familie.

Die huis waarin ons bly, het my 4 maande en tien dae gevat om te bou met die hulp van ‘n hele span vaardige mense se hande. Ek het ‘n goeie argitek gehad, ‘n deeglike ingenieur, ‘n wonderlike bouspan, ‘n uitstekende pleisterspan, Simon wat die deure gehang het, Casper die “inspekteur” wat enige brouwerk onmiddellik kon raaksien, Daniël die teler en natuurlik die kreatiewe Corlie wat alles binne hanteer het. ‘n Span mense kan in eie krag iets oprig wat benut en geniet kan word.

As dit kom by die Koninkrykswerk van Christene in hierdie wêreld, kan ons ook in eie krag iets doen vir die Here, of ons kan bediening doen in afhanklikheid en in die krag van die Heilige Gees. Die resultate sal natuurlik hemelsbreed van mekaar verskil soos Paulus meld in 1 Kor.3:9-16.

As Christen kan ons beperkend dink en net dink en beplan aan dit wat ons in eie krag vir die Here kan doen. En in eie krag sal ons definitief iets mooi en goed kan bou in God se Koninkryk. Maar as Christen het ons ‘n ander krag tot ons beskikking; ‘n “hidrouliese krag”

wat ons inset vergroot en ons in staat stel om baie meer te kan doen en verrig as wat ons in eie krag kan doen. Dit is natuurlik die kragtige werking van die Heilige Gees. Elke spanlid sal getuig dat hulle alleen deur die Heilige Gees in staat gestel word om tydens die seminare ‘n instrument in die Here se hand te wees. Ons is maar swak instrumente (breekbare kleipotte), maar die krag wat alles oortref, kom van God en nie van ons nie (2 Kor.4:7). Dis hoe daar al vir 30 jaar gebou word by Lewensverryking.

Paulus skryf hieroor in 1 Kor.3:1-2 en 9-16. Aan die hand van hierdie teks wil ek iets sê oor die bediening van Lewensverryking en jy kan dit ook gebruik om jou eie bouwerk in die Koninkryk te toets.

In 1 Kor.3:1-2 wys Paulus die gemeente in Korinte skerp tereg oor hulle partyskappe in die gemeente. Hier is ‘n gemeente wat moet bou op die fondasie wat hy gelê het, maar hulle is so verdeeld dat hulle bouwerk nie die toets gaan deurstaan nie. Dit is natuurlik omdat hulle vleeslik lewe en nie deur die Gees nie. Lewensverryking Seminare was in dertig jaar nog nooit onseker of verdeeld oor ons roeping in hierdie wêreld nie. Ons visie is baie duidelik: *Om tot die wederkoms van Jesus Christus, in die krag van die Heilige Gees, deur middel van die Woord van God, lewens te verryk.*

In 1 Kor.3:9b sê Paulus: “*Julle is die gebou van God...”* Mense is die gebou. Die gebou van die Here word met mense gebou en nie met sement en bakstene nie. Daarom dat Petrus sê: *“(gelowiges) Laat julle as lewende stene opbou tot ‘n geestelike huis...”* (1 Pet.2:5). Bakstene wat rondlê kan nie sê hulle is deel van ‘n huis nie. So moet elke mens ingebou wees en deel wees van die gebou van God wat ‘n verskil maak in hierdie wêreld. Lewensverryking se fokus is mense – gelukkige, heel, verlore, stukkende mense. Dit maak nie saak nie.

In vv. 10-11 praat Paulus oor die Fondasie waarop die gebou opgerig word. Dit is nie sommer enige fondament nie. Hierdie fondament is spesiaal deur God ontwerp vir sy gebou en die fondament is Jesus Christus. Maar om te sê dat Jesus Christus die fondament is, klink vaag. Wat beteken dit? Die fondament is ons as Christene se belydenis dat **Jesus Christus die Here** is, die Seun van die lewende God. Die fondament is dus ons belydenis. Vir 30 jaar bou Lewensverryking op die belydenis dat Jesus Christus die Here is. En julle wat al daar was, sal weet dat ons erns maak daarmee om seker te maak dat elkeen wat by ‘n seminaar wegry, moet kan bely: “*Jesus Christus is my Here!*”

In vv.12-15 word daar gekyk na die kwaliteit van ons bouwerk. Ons kan enige tipe materiaal gebruik om op die Fondament te bou. Maar Paulus maak dit baie duidelik dat die gehalte van ons bouwerk getoets gaan word. Die tipe materiaal wat ons kan gebruik kan swaar, waardevolle materiaal wees of materiaal wat minder waarde het. Dit lyk dus vir my dat ons self besluit oor die gehalte en deugsaamheid van ons bouwerk. My interpretasie hiervan is dat wanneer ons in eie krag op die Fondasie bou, gebruik ons die maklike, ligte boumateriaal wat ons self kan hanteer – hout, gras of strooi. Dit bou mos maklik en vinnig. Jy kan dan terugstaan en jou op die skouer klop en heel tevrede wees. Maar ons kan ook ander swaarder, duurder boumate-riaal gebruik om op die fondasie te bou – goud, silwer, edelstene. Maar om hierdie bouwerk suksesvol te voltooi, het ons eksterne "hidrouliese" krag nodig – die krag van die Heilige Gees. En die bouproses kan dalk baie langer vat. God het hierdie bediening van Hom oor 30 jaar opgebou en ons beleef dat Hy die bediening net nog groter wil uitbou in die toekoms.

Ons moet ook verstaan dat ons die *tempel van die Heilige Gees* is (v.16).
Die maklikste ding is om 'n gebou net vir onsself op te rig waar ons onsself kan geniet. Dit is om met strooi en gras te bou. Maar as ons verstaan dat ons die tempel van die Heilige Gees is, verstaan ons dat ons in hierdie samelewing geplaas is met 'n roeping; om 'n getuie te wees teenoor enige persoon wat alleen is; vir verwerpte, stukkende en uitgestote mense; vir die onaansienlikes, die verlorenes; die wat op soek is na die sin in die lewe. Die Heilige Gees woon in sy tempel en Hy wil daar sy vrug dra van liefde, vrede, vreugde, vriendelikheid, goedhartigheid, nederigheid, getrouheid en selfbeheersing.

Ons is so dankbaar dat die Here hierdie bediening van Hom al vir dertig jaar in hierdie land gebruik en seën. Ek glo ons elkeen wat hier lees sal daarvan kan getuig. Ons hier by Lewensverryking Seminare wil die toekoms op geen ander manier bou as alleen deur die kragtige krag van die Heilige Gees nie. Bou saam met die Here en met ons aan sy bediening. Bou ook in jou eie lewensruimtes deur die krag van die Heilige Gees 'n gebou wat God eer.

Vrede vir julle en geniet dit om Koninkrykswerk te doen tot sy Eer.
Deon van der Berg

Ons kyk terug

(Ons wou baie graag foto's uit die vroeë jare plaas, maar met al die trekke sedert daardie tyd, het die boks met die foto's êrens in die slag gebly!!)

Lewensverryking Seminare, 30 jaar oud! Waar het dit alles begin en wat het sedertdien gebeur?

In 1978 het Sors en Lida 'n seminaar vir egpare bygewoon wat deur 'n Amerikaner, ene Tim Timmons, aangebied is. Hulle het die seminaar baie geniet en is veral getref deur die rol wat humor in die aanbiedings gespeel het. Sors en Martiens Swart, wat saam met hom in die gemeente was, het toe 'n soortgelyke naweekseminaar in hul gemeente aangebied. Hierna het sakevriende van Sors by hom aangedring om 'n seminaar vir sakemanne en hul gades aan te bied. Op daardie stadium was daar nog hoegenaamd niks van hierdie aard in ons land beskikbaar nie. Sors (toe nog 'n jong dominee!), het uiteindelik geswig voor die aandrang en het in 1980, saam met Prof. Dion du Plessis van Tukkies se Mediese Fakulteit en 'n kollega van Springs 'n 3-dag seminaar vir 16 pare (gemeentelede) aangebied by Old Bushmens Rock, in die Witrivier omgewing. Die resultaat was sodanig dat die aanvraag vir nog 'n seminaar sterk was. Sors-hulle het besluit om dit te doen, en die res is geskiedenis.

In die begin het die aanbieders 'n bietjie gewissel, want nie almal het dieselfde visie as Sors en Lida gehad nie, maar toe dinge regtig begin rigting kry het, was dit Sors, Dion du Plessis en Martiens Swart wat die aanbiedings gedoen het. Janus Roux het as 'n jong student sy prakties by Sors gedoen, en het só ook betrokke geraak. Dion was later as Dekaan van die Mediese fakulteit by Tukkies te besig en kon nie meer met die seminare voortgaan nie. Deur die jare het ons ook verskeie baie bekwame deeltydse aanbieders gebruik. Pieter Badenhorst het in Mei 2001 voltyds by Lewensverryking betrokke geraak, en na hy weg is in Mei 2008, het Deon van der Berg in Augustus 2008 voltyds by Lewensverryking ingeskakel.

Net die eerste seminaar was 3 dae, beginnende die Donderdagaand tot die Sondag, maar daar is onmiddellik besef dat om 'n produk aan te bied wat werklik 'n verskil in mense se lewens sou maak, nog 'n dag sou moes bykom. En dit is wat Lewensverryking vandag van ander seminare onderskei, daar is tyd vir 'n proses wat moet verloop. Daarmee saam begin ons voorbidders alreeds voor die seminaar vir elke seminaarganger op die naam bid, wat uiteindelik besonder geseënde resultate bied.

Aanvanklik is die seminaargangers met ‘n bus uit Pretoria aangery na waar die seminaar aangebied is. ‘n Verskuilde agenda was dat die seminaargangers dan nie kon wegloop as dinge vir hulle begin warm raak het nie. Nog later is kombi’s daarvoor gebruik. Dit is ‘n lang ruk so gedoen, maar uit-eindelik het dié praktyk vir Lewensverryking te duur geraak, en mense is gevra om met hul eie vervoer daar te kom.

‘n Spesiale bederf in die beginjare was die naam– en welkomkaartjies en ‘n pragtige sellofaanpakkie met lekkergoed in wat die seminaargangers met hul by aankoms by die hotel in hul kamers gekry het. Soos wat die groepe groter geword het, was dit natuurlik nie meer moontlik nie, en dit is in die seminaarsaal op die tafels uitgepak. Dit was in sigself baie spesiaal, want die voorkoms van die saal was dan baie feestelik. Met die jare het die sellofaanpakkies – wat baie moeite gekos het – in die slag gebly en word die stafie sjokolade deesdae net so saam net die naam- en welkomkaartjie neergesit.

Destyds was daar geen klanktoerusting hoegenaamd nie. Die sprekers moes maar hul stemme “gooi” as die groep groterig was. Deon se vrou, Ria, het klavier begeleiding verskaf vir die samesang. Later jare is kitare ook gebruik. Toe Pieter en Ina Badenhorst betrokke geraak het, het sy klawerbord gespeel en Pieter kitaar. In die beginjare het die program altyd in die oggend begin en in die aand afgesluit met sang in die “Bliksaal (Potgietersrus), waar die hele groep dan in ‘n kring gestaan en sing en lofverse uit die Bybel voorgelees het. Dit het vir mense besondere waarde gehad. Van-weë die druk program het die gebruik doodgeloop.

Die kleingroepe was van die begin af ‘n essensiële deel van die seminare. Die groepfasiliteerders was vir ‘n lang ruk altyd dieselfde ouens, en hulle het baie pret en plesier en ‘n besondere band met mekaar gehad. Vandag is daar baie groepfasiliteerders sodat dieselfde spanlede nie meer by elke seminaar saam betrokke is nie.

Die vraelyste was nie in die beginjare deel van die program nie. Toe Christo en Marie-Lou Cloete – Christen sielkundiges - by die seminare betrokke geraak het, is die vergifnis- en sondevraelyste in gebruik geneem, nog later ook die diagnostiese vraelyste rondom traumabelewenisse. Dit alles is besonder nuttige instrumente om die seminaarganger te help om probleme in sy/haar geestelike lewe te identifiseer en dit dan met die hulp van die kleingroepfasiliteerder, te hanteer. Nog vraelyste het bygekom, toe ook die Breinprofiel en ‘n Persoonlikheidsmeetinstrument, en ook die Emosionele Behoefte vraelyste. Hierdie

middele het die professionelestandaard van die seminare aansienlik verhoog, maar ook die program baie voller en die kleingroepfasiliteerder se verantwoordelikhede aansienlik meer gemaak.

In die begin was die seminare ‘n onderafdeling van Sors en Lida se bediening as predikantspaar. Dit moes inpas in die gemeente se jaarprogram en gevolglik was daar aanvanklik net twee groot egpaarseminare per jaar, met tot 85 pare per seminaar! Later het hulle 3 tot 4 egpaarseminare per jaar aangebied. Met die jare het die Enkel– en toe die Tienerseminare bygekom, en toe die Huweliksvoorbereiding. Toe Sors-hulle die Lewensverryking seminare voltyds begin aanbied het, is die reeds bestaande seminare meer dikwels aangebied, en nog ander het bygekom. In dié tyd is baie naweek-seminare in gemeentes aangebied, tot 12 deur die jaar saam met die gewone langer seminare. Die doel daarmee was om die voltydse bediening goed gevestig te kry. Die jaarprogram was egter so vol dat daar besluit is om dit te staak.

Lida het in die begin al die organisasie gedoen. In 1992 het Frieda ook betrokke geraak. Die twee van hulle het alles hanteer: organisasie, seminaarmateriaal, finansies, nuusbrief, korrespondensie... Toe Sors-hulle voltyds met die seminare begin het, het dit so gegroei dat nog personeel nodig geraak het. Eers het Kobie Lombard halfdag gewerk. Nadat haar baba gebore is, het sy bedank en die res van ons in die kantoor, nl. Willa, Victor en Lorraine het so een na die ander voltyds betrokke geraak.

Na die seminaar by Petra het die getalle toegeneem, en seminare is aangebied by Winckler, Alfa Sentrum, Mount Grace, maar toe gaan ons in 1988 na die Protea Hotel in Potgietersrus waar Lewensverryking lank uitstekende diens gekry het. Maar dit was ver, en toe die Midway Inn in Middelburg in 1996 in die prentjie kom, was dit asof ons tuisgekom het. Met laasgenoemde hotel se eienaars en personeel het ons sedertdien ‘n vriendskapsverhouding opgebou wat regtig vir Lewensverryking tot seën is. Ook wat betref die Kaapse seminare wil dit lyk of ons van 2011 af gereeld die seminare by ‘n hotel in Swellendam gaan aanbied teen dieselfde standaard as wat dit in Middelburg aangebied word.

Sedert 1997 bied Lewensverryking so twee maal ‘n jaar die Egpaar-, Enkel- en Tienerseminaar en die Opvolgseminare vir al 3 groepe in die Kaapprovinsie, gewoonlik Wes-Kaap se kant toe, aan. Van volgende jaar af gaan ons moontlik ook ‘n

Huweliksvoorbereidingseminaar daar doen. Die Kapenaars het maar ‘n baie rustige temperament, en dit het vir baie lank groot druk op die kantoor in Pretoria gesit, want die seminaarmateriaal moes gewoonlik al die Woensdag voor die seminaar gereed wees om betyds vir die seminaar in die Kaap te wees, en teen seminaartyd was die getalle heel dikwels al dubbel wat dit die Woensdag was, en die materiaal gevolglik te min! Deesdae hanteer die Kaapse spanlede al die voorbereiding self en Willa grom nie meer as dit Kaapse seminaretyd is nie. Die Kaap het sy eie span, wat ook eenmaal per jaar spanopleiding kry en wat ‘n baie noue verhouding met mekaar het.

Vandag is Lewensverryking seminare ‘n hoogs professionele produk wat aangebied word in ‘n netjiese hotel, met gesofistikeerde klanktoerusting en ander media. Die lofsang met CD begeleiding is vir menige seminaarganger ‘n ervaring wat hul altyd bybly. Lesings en foto’s is direk na die seminaar op CD beskikbaar, en na die tyd is jy op ‘n databasis wat dit vir Lewensverryking moontlik maak om op ‘n deurlopende basis met jou kontak te hou. En na al die jare nog, is humor steeds ‘n baie belangrike deel van die aanbieding.

Stories oor gebeure by die seminare is volop en hoogte- sowel as laagtepunte is daar genoeg.

So was daar die keer dat die ouens vir Sors ‘n kat as geskenk aangebied het, goed wetende dat hy nie ‘n troeteldier liefhebber is nie. Sors was nie beïndruk nie.
Dan was daar die keer dat ‘n jong dametjie baie moeilik was by die Enkelseminaar, en toe die span hulself kom kry, het juffrou die pad gevat! Almal was betrokke by die soektog, om die hotel, pad af... Uiteindelik het hulle haar gekry en terug gebring seminaar toe.
En wat van die talle kere wat pare by die seminaar aankom en sommer vroeg-vroeg die pad wil vat terug huis toe, en die gestoei om hulle daar toe hou. Hoe dankbaar is mens vir elke keer wat dit tot versoening en ‘n nuwe begin gelei het. Daar was ook groot drama die keer toe een van die seminaargangers (Enkelseminaar) wou selfmoord pleeg. Die man het die badkamerspieël stukkend geslaan om glas te kry en sy polse gesny. Dit was net bloed waar jy kyk, maar gelukkig sien iemand wat aangaan, en Pieter B word geroep. Hy probeer toe die man by die hospitaal kry, waar hy nie wou wees nie. Toe Pieter na al die middag se drama die *My tyd met God*-lesing moet begin, is dit met ‘n skynbaar vrolike: “Hallo, en hoe gaan dit met almal? Het julle ‘n lekker middag gehad?” Mens is so dankbaar om te kan meld dat selfs hierdie traumatiese gebeure ‘n positiewe einde gehad het toe die man by die Here uitgekom het en tot inkeer gekom het.

Om 30 jaar in ‘n paar bladsye saam te vat, is ‘n onbegonne taak, en ons is seker daar is allerhande goed waaraan jy kan dink wat ons ook nog kon insit. Dit wys net hoe kosbaar hierdie bediening is. Jy sal nooit alles gesê kry nie, en daarvoor dank ons ons Hemelse Vader wat ons dra en seën en lei. Hy bly die Hoof van Lewensverryking Seminare en aan Hom gee ons al die eer.

Kleingroepfasilitering

Om ‘n kleingroepfasiliteerder by Lewensverryking te wees, is ‘n kosbare en heel besondere ervaring. Vir lank doen jy maar die standaard dinge met jou kleingroep, en dis ‘n ongelooflike belewenis om so instrument in die Here se hand te wees om genesing en groei in ander se lewens te bewerkstelling. Maar so per geleentheid is daar ‘n persoon in jou groep wat uit-dagings aan jou kreatiwiteit stel. Jy moet buitekant die grense dink. En daardie kere, dis dié wat jy nooit vergeet nie.

Soos die keer toe een van ons ouer spanlede ‘n redelik bejaarde dame in sy groep het. En die tannie en haar oom is moeilik met mekaar. Vir baie jare al. Hulle dominee het hulle seminaar toe gestuur. Die Sondagnamiddag sien die groepleier die tannie uit die saal uitloop, en sy huil. Hy kry haar toe sy by die kleedkamers uitkom, baie hartseer. En sy sê sy’s lief vir die oom, maar dis so lank al dat hulle nie by mekaar uitkom nie, dat sy nie weet hoe om die saak te benader nie. En die groepleier loop haal die oom en vra of hy nog lief is vir die tannie, waarop hy bevestigend antwoord. En hy trek die tannie nader en sê vir die oom “Nou sê dit nou vir haar.” Eers wil die oom niks weet nie, dan brom-brom hy dit. Die groep-leier is nie tevrede nie: “Nee maat, sê dit vir haar hard en duidelik sodat sy dit kan hoor”. Dit sukkel so ‘n bietjie, maar uiteindelik sê die oom dit darem. Toe’s dit die tannie se beurt. Sy kry dit so ‘n bietjie makliker reg, want die oom het dit mos nou al gesê. Toe wil die groepleier hê hulle moet mekaar soen. Eers gebeur dit so onwillig en amper mis. Die groepleier is nie tevrede nie: “Nee, dis nie soen nie, doen dit weer.” Toe “Nog nie reg nie, lyk of julle dit bedoel!” En uiteindelik soen die twee mekaar ordentlik, asof hulle dit bedoel, en hulle lag en hou mekaar vas, en tot aan die einde van die seminaar loop die twee en hande vashou. Kosbaar.

Die program tot aan die einde van die jaar:

OKTOBER

29 **Sept**. – 3 Okt.	Tiener- en Tiener Opvolgseminaar Kwaggasrus
15 - 17	Huweliksvoorbereiding
22 – 24	Vroueseminaar

NOVEMBER

12 – 13	Geestelike Verdieping – Florauna NG Kerk, Pretoria-Noord

DESEMBER

1 – 5	Enkelseminaar
8 - 12	Egpaar en Egpaar Opvolg **NB <u>DATUM HET VERANDER</u>!!!**
13 - 17	Kaapse Tiener- en Tiener Opvolgseminaar

Kyk by die fotogalery na foto’s van die span se kuier om Lewensverryking Seminare se 30ste verjaarsdag te vier.